# OPSAAL 2014

## BERG-EN-DAL

## VOETSLAANKLUB



## 2014 Chairman's Report

As 2014 comes to an end it is once more the time to review the monthly trips that were arranged during the year.

The leaders once again did an excellent job organizing the weekends and I thank them all for the effort and time they put in to make the trips enjoyable, and also for their contribution to this edition of Opsaal.

My thanks to our editor Hettie Lourens, who has once again made this year's Opsaal possible.

I wish all our club members a very merry Christmas and everything of the best for 2015

Mike Wray.

**HARKERVILLE JANUARIE 2014**

Met my vorige Harkerville stap, het ek gesê: "Ek het nou klaar ge-'Harker', nou 'ville' ek nie weer nie". En hier gaan ek alweer! Ek en Doug ry saam met Mike en sit al voor middagete op die Harkerville-hut se stoep en kuier en wag op die res van die groep wat stuksgewys arriveer. Die aand word 'n groot vuur in die lapa gemaak en ons almal braai en kuier gesellig saam.

Die volgende oggend is besluit dat die dagstappers die eerste deel van die roete saam met die rugsak-stappers gaan saamstap. Na 'n paar kilometers, draai hulle af om die Perdekop-sirkel te voltooi. Mike, die ENIGSTE haan tussen 8 henne, het sy stem dik gemaak, en die klompie het mak-mak agter hom aangestap. Hulle is bespreek om die Saterdagaand weer in die Harkerville hut te slaap. Sondag is beplan om kuslangs die Kranshoek roete te stap.

Na 10.5 kilometer deur die woud, is daar 'n uitsigpunt en ons kyk af op 'n blouselblou see gebaai in heerlike warm sonskyn. Ons rus en peusel aan allerhande lekkernye, voor ons die steil trappe afklim na onder. Na 'n kort stap oor ronde klippe onder op die strand, kom ons by die berugte ketting, met die see wat skuimend onder teen die rotse slaan.

Al ses van ons kom sonder voorval, met die ketting om die rotse. Dan klouter, klim en stap ons verder oor al die rotse en klippe. Soms is daar metaal penne in die rotse ingeslaan. Dis om jouself aan op te hys en op te trap, want bo moet jy kom. Hoe ook al, Harkerville meen 'werk'!


Maar dis mooi, en dis warm, en die see wink. Drie maal stop ons om te swem. Dit koel mens heerlik af en maak jou gereed vir die steil bult wat uitgewerk moet word na die Sinclair hut wat bo op ons wag.

Die volgende oggend is ons uitgerus en pak ons die tweede dag se avontuur aan. Ons stap eers bo en het pragtige uitsigte af na die see, klein rotsbestrooide strande, en die rivier. Twee kilometer verder, daal ons weer steil af na onder. Ons vind ons pad al langs die rivier oor die rotse tot op die strand. Vandaar is dit weer om en oor rotse met behulp van 'n ketting, 'n kettingleer, metaal penne en houtlere, vertikaal en horisontaal. Om alles te kroon, moet ons dikwels aan die rotse vasklou en of steil op- of afklouter. Dis opwindend, uitdagend, tegnies en nie vir iemand wat aan erge hoogtevrees ly nie. Maar dis onbeskryflik mooi.
Orals is die pragtigste rooigekleurde rotse op die strand en in die see.
Met die warm sonskyn weer is die see en lug ook ekstra blou. Weer eens swem ons in heerlike rotspoele, eet middagete en pak dan die laaste opdraende aan. Bo gekom, stap ons 'n verdere 5 kilometer deur die woud tot waar ons motors by die Harkerville hut geparkeer is.


This was a great hike with great friends. Nou 'ville' ek weereens 'n volgende keer gaan 'Harker'. ROSE KUYPER



UITSIG VAN BO



HIER BEGIN DIE MOEILIKHEID!



TWEEDE DAG OP EN AF



VRY HANDE OOR DIE HOUT BRUGGIE

**EAGLE FALLS 14 - 16 FEBRUARIE 2014**

**SATERDAG**

Eagle Falls is geleë aan die voet van die Kammanasieberge ongeveer 50km vanaf die Outeniquabergreeks. Ons draai links vanuit die R62 by die Buffelsdrift afrit waar die Kammanasie ons begroet met sy sagte skakerings van blou. Skaars 10km verder verwelkom die groen grasperke van die kampterrein ons met 'n heerlike koel briesie. Ons was verras met die netjiese ablusie geriewe, 'n goed toegeruste kombuis,onderdak braaiarea en ruim eetkamer lokaal.

Ons word begroet deur Jurie, Estelle, Edwin en Thea by hul karavane met Rose, Wilna en Doug wat rustig ontspan langs hul tente. Carol, Hanlie, Hettie, Elize, Lenie, Sarel en myself slaan ons tentjies op onder die koelte van die laning wilgerbome. Vanuit ons tente vorm die oënskynlik maklike paadjie teen die koppie aan die oorkant 'n tipiese Karoo landskap. 'n Groepie van ons gaan verken die terrein- 'n restaurant met oornag hutte asook 2 lieflike luukse hout huisies met 'n asemrowende uitsig na die valle en eindig by die poele net bokant die waterval waar Rose, Willemien en Doug prettig afgly met die **"foefieslide"** terwyl die res baljaar in die vlak poeletjies. Soos in die Berg en Dal- tradisie geniet ons meisies die pragtige sonsondergang terwyl die manne al die braaiwerk doen.

Vroeg Saterdagoggend arriveer Ernest, Eddie, Pieter, Roza, Jan, Georgie, Geoff, Sulene, Leslie en Jeff (wie later een van die roete se groot helde sou word- altans myne). Met opgewondenheid durf hierdie redelike groot groep die roete aan; eers effens rotsagtig langs die rivier op met heelwat poele water totdat ons regs opdraai in 'n klipperige paadjie al teen die koppie uit. Die son staan sommer gou stil, koeltebome is skaars en van gisteraand se briesie is daar geen teken. Gou bereik ons die kranse waar die arende glo volop is.

Ons word begroet met 'n steil afdraend met toue en lere. Van arende soek kom daar weinig- ons moes al ons oë en sig inspan om net vas te klou aan die enkele vasgrypplekke en versigtig trap om nie saam met die los klippe af te rol nie. By 'n baie steil rots waar die afstand tussen twee vastrapplekke eenvoudig net te groot is vir my kort vet beenjies- met tye voel dit of my hart my aanval- begin ek bid. Dan hoor ek 'n mansstem onder my en die gerusstelling van twee sterk gespierde arms wat sê " kom maar, ek sal jou vashou" Dit was Jeff, my held...

Veilig onder aangekom, roep die koel poele waters van die Molenrivier ons om te kom swem en ontspan want die spanning was verby, altans vir party van ons. Intussen het Doug en Rose 'n entjie teruggestap saam met Georgie en Jan wat besluit het om die steilte van die kranse te verruil vir die klipperige paadjie terug kampplek toe. Die kwik bly styg, nie 'n enkele koelteboompie in sig nie en geen briesie wat afkoel nie. Die meerderheid het begin smul aan hul ontbyt en ander koel af in die groot donker swemgat en geniet nog 'n wonder van ons Skepper, 'n natuurlike rotsbrug aan die oorhang tussen twee kranse. Tydens die terugtog aanskou ons asemrowende mooi rotsformasies al langs die Molenrivier tot terug by die kampterrein

Intussen sien Jurie, ons tweede held van die dag met sy skerp sintuie en oplettendheid, daar ver teen die koppe twee stappers. So kom hy toe op Jan en Georgie af wat verdwaal het en dit sonder water, blootgestel aan die genadeloosheid van die bloedige son. Ek begin bid "Here bring hulle asb veilig terug" Met genade en die hulp van die oord se seun en werkers kom die twee doodmoeg en gedehidreer veilig terug by die kamp. Dankie Wilna vir jou eerstehandse noodhulpdiens.

Ek en Carol moet terug - haar 19 jarige kat het gebel en hy verlang.. Oppad terug deel ons met dankbaarheid die voorreg om deel te kon wees van Berg en Dal.

**ESTHER VAN ROOYEN**

**SONDAG**

Almal was dit eens. Na die warm weer van die vorige dag het niemand lus gevoel om in die droë berg agter ons te gaan stap as daar 'n rivier met die heerlikste poele net onderkant ons kampplek lê en wag nie. Almal was ontspanne en het rustig ontbyt geniet. Sommiges het opgepak om terug te ry. Sarel, Doug en ek het besluit om die groot poel onderkant die hoër waterval te gaan verken. Jurie het vanaf die boonste houthuis se balkon vir ons met wilde armswaaie beduie hoe ons deur die bosse aan die oorkant van die rivier moet stap om tot onder by die poel te kom. Daar was net een manier om in die water te kom....mens moes spring - geen "ladylike" afklim van die klippe af nie. Die poel is sommer vanaf die kant diep en donker. Dan moes jy swem want dis 'n hele 16 meter diep! Gelukkig sien ek 'n opgeblaasde binneband raak wat in die riete lê. Later kry ek nog een en dit het ons eindelose pret besorg. Dan hou ons bosberaad en besluit dat ons eintlik aan die oorkant van die poel wil wees sodat ons teen die steil rotse kan uitklim om weer bo te kan kom. Met ons dagsakke in plastiese sakke toegeknoop, het Doug kompleet met hoed en donkerbril op, binne-in sy 'tjoepie' dit een vir een op sy skoot oorgeroei na die oorkant toe.


Dit was voorwaar 'n heerlike naweek en Eagle Falls kan verseker weer op ons program 'n draai kom maak. ROSE KUYPER




LEKKERRRR EAGLE FALLS SE FOEFIESLIDE



MET BEHULP VAN 'N TOU AF NA DIE RIVIER



DOUG VERVOERDIENSTE



'N BLIK AF OP DIE GROOT POEL (16 METER DIEP)

***THEY SAY; middle age is that time when you finally get your head together then your body starts falling apart.....***

***The great Danish philosopher and theological writer, Sören Kierkegaard (1813- 1855) said; Above all do not loose your desire to walk. Everyday I walk myself into a state of well being and walk away from every illness. I have walk myself into my best thoughts- I know of no thought so burdensome that one cannot walk away from it. But by sitting still, and the more one sits still, the closer one comes to feeling ill. If one keeps on walking everything will be all right.***



**STORMSRIVIER**

**14-16 MAART 2014**


Elf Klublede en 2 kuiergaste van Australië (vriende van Heather) het die stap bygewoon. Saterdag het die groep op die 1ste dag van die Otter Wandelroete gestap tot by die waterval. 'n Klein groepie het die Duikerroete tot by die uitkyk punt gestap terwyl 'n paar kortpad teruggestap het na die kamp.

Die groep het elke aand saam gebraai en hul verwonder aan die mooi sonsondergang op die see. Die stappers het graag in die restaurant koffie gaan drink en gekuier. Sondag het Edwin en Thea die uitkykpunt aan die anderkant uit geklim terwyl die ander stappers die Loerie-roete gestap het. Die stappers het ook met 'n boot op die rivier gevaar. Eddie het dit geniet om die dames met plastiek goggas skrik te maak.


THEA DYASON



**SONSONDERGANG**



'N MOOIE UITSIG




MET 'N BOKKIE WAT KOM KUIER HET

**GROOT WINTERHOEK 5-13 APRIL 2014**

**MOET JOU NIE OOREIS NIE**

Daar is 'n paar "Helle" in ons land. Ons ken almal Gamkaskloof daar by die Swartberge neffens Prins Albert. Vreemd dat plekke wat amper soos 'n Paradys is, die Hel genoem word. Miskien omdat dit daar kan warm word of dalk moeilik is om daar uit te kom. Die Bybel sê die regte Hel is maklik om by uit te kom. Die pad daarna is wyd en reguit!

Aan die einde van Maart stap die groep van agt: Jurie, Sarel, Doug en Jeff en die vrouens Rose, Lesley, Salomé en Jacolise in die Groot Winterhoek wildernisgebied. Hulle slaap die eerste aand in Veepos. Dit is 1000 meter bokant die Swartland en die temperatuur is sommer laag. Maar hulle laat hulle nie afsit nie. Daar word heerlik gebraai en gekuier en die wat mekaar nog moet leer ken, word gou vriende. Die huis by Veepos is ten volle toegerus met beddegoed en handdoeke! Niemand hoef hulle te ooreis nie.

Die groep stap die eerste oggend met ywer. Die pad begin met 'n redelike opdraend op 'n rypad vanaf Veepos tot by die "dorpie" wat teen die hang van die berg lê. Dit is 'n klein nedersetting vir die mense wat werk by Natuurbewaring in die Groot Winterhoek bewaringsgebied. Hier draai die pad in die veld in en eers is dit mooi gelyk en dan gaan hulle deur 'n nekkie af in 'n kloof. In die verte pryk die Groot Winterhoek. Ongeveer 2200 meter hoog. Jurie vertel dat hy dit al uitgeklim het vanaf die Tulbach kant van die berg en dat mens hier en daar toue nodig het. Hulle is besig om dit te nader vanaf die Porterville kant en spot die hele stap dat hulle sou opgegaan het as hulle net hulle toue onthou het!

Die weer is vroegoggend bietjie koel en toe hulle by die eerste helder poel kom, besluit hulle dis nog nie warm genoeg vir swem nie. Nie veel verder nie kom hulle weer by 'n poel uit en Jeff en Jacolise is eerste in. Die water is ysig, maar baie verfrissend. Daarna stap hulle flink en teen 12uur is hulle weer by 'n helder waterpoel waar daar weer geswem word. Dit is duidelik dat hierdie 'n swemgroep is en net Sarel sit op die rotse vir almal en kyk - soos 'n Groot Brandwag.

Dit is regtig nie moeilike stap nie en ook nie baie lank nie. Nadat hulle die riviertjie wat hulle die hele dag langs gestap het, oorgesteek het, kom hulle uit by die hut vir die aand. Dit is nog vroegmiddag en die ablusiegeriewe is bietjie teleurstellend. Die pyp wat die water van die geut af in die tenk moet invat het uitgehak en die watertenk is leeg. Die groep is 'n energieke wildernislustige groep en gou daal hulle af tot by die klein lopie 'n entjie agter die huis waar hulle vars lopende water skep. 'n Bietjie verder af in die lopie is daar 'n groot genoeg poeletjie om in te bad en almal is gelukkig.

Die huisie het twee kamers met stapelbeddens. Die kamers loop uit die middel vertrekkie wat die kombuis is. Behalwe 'n oppervlakte om goed op te pak en 'n paar los hoë stoeltjies, is daar niks. Die binne stoof is toegemaak met 'n groot nota dat geen vuur binne gemaak mag word nie. Buite op die stoepie is 'n piekniek tafel. Die ander piekniektafel word deur die sterk manne omgedra om ook op die stoep te kom. Daar gaan sit hulle en word daar lekker gekuier en ook nog later kos gemaak. Dis altyd interessant om te sien watse kos almal maak op so 'n stap: Jacolise eet min en vegataries; Sarel en Jurie sorg vir genoeg vleis en die ander 5 maak saam kos. Rose het die meeste voorbereiding gedoen en hulle lek lippe af van lekkerkry.

Toe die son ondergaan raak dit koel en nie lank nie toe keer die klomp bedwaarts. Daar word eers lank gesels in die kamers, maar later raak almal aan die slaap. Die snorkers slaap natuurlik eerste. In die nanag begin die wind vreeslik te waai. Hulle slaap maar min en onrustig en wonder of die stap na die Hel in die wiele gery gaan word deur slegte weer.

Omdat hulle nie nodig het om hulle goed op te pak nie en net 'n dagstap doen, vertrek hulle nie so vroeg Hel toe nie. Hulle wil graag onder by die poel kom in die middel van die dag wanneer dit helder sonskyn is. Die stap is maklik en stap verby die ou opstal en afdraaipaaie na die ander huisies waarin mens kan bly wat soortgelyk is aan hulle s'n. Hulle is die enigste mense wat die vorige nag daar geslaap het. Die wind raak stadig maar seker rustig en soos hulle

afsak in die Hel, raak dit heerlik warm. Dit is 'n asemrowende gesig om die groot poel onder te sien en die waterval wat daarin stort. Dit lyk so ietsie soos die Groot Gat, dit is net heeltemal natuurlik en nie mensgemaak nie. Iemand in die literatuur oor die Hel sê dat die poel een van die grootste bergpoele in die Wes-Kaap is. Die skaduwees hang nog oor die poel en daar is nog min son. Hulle hoop dat as hulle onder kom, sal die son by die water wees, want geen stapper wat hou van swem in bergpoele kan die poel 'n mis gee nie.

Die stap tot onder in die Hel is steil, maar die trappies is mooi uitgelê en plek-plek selfs met sement toegemessel. Hulle bespreek die feit dat dit nie maklik kon wees om die paadjie so uit te lê nie, want sement en sand en al die gereedskap moes ook nog saamgedra gewees het. En hulle wonder wie was die eerste ouens wat die plek ontdek het. Die rivier waarlangs hulle die vorige dag gestap het en ander klein lopies kom almal hier bymekaar, en na die poel kronkel dit al verder tot waar dit uitkom in die Swartland. Hierdie berge is die opvanggebied vir die water van die Swartland en is uiters belangrik vir die Swartland.

Toe hulle onder kom, trap Salomé 'n rots mis en val amper af in 'n diep skeur. Sy skaaf en kneus haar been, is 'n bietjie "shaky", maar is andersins dood dollies. Die groep is teen die tyd lekker warm en betree die groot poel dapper. Dit is 'n wonderlike swem ervaring en daar word geduik en gespring en net lekker gespeel. Hulle is weer kinders. Daarna gaan sit hulle buite in die son en drink tee en eet. Na 'n lang ruk gaan 'n klomp van hulle weer in en dit bring hulle by middagete.

Na middagete is hulle soos dassies in die son en telkens as hulle opkyk na die afdraend wat uitgeklim moet word, dan kuier hulle maar nog 'n rukkie. Sarel is die eerste dappere om die tog aan te pak. Omdat die paadjie so mooi uitgelê is, klim almal maklik tot bo. Doug en Rose het nog langer gebly om nog 'n keer te swem, maar die ander het eers genoeg gehad. Hulle kos was ook amper op en elke keer as hulle die koue water trotseer het, moet hulle eers weer tee drink en iets eet, so dit was tyd om huiswaarts te keer.

Oppad huis toe gaan kyk hulle hoe lyk die ander huisies. Die algemene konsensus is dat hulle huisie, al het dit nie tenkwater nie, die beste is. Lesley klim ook net veilig oor 'n slang wat op die pad na die een huisie was. Die middag kuier hulle weer lui-lui by hulle huisie op die stoep. Hulle is nou baie tuis in die hut en almal beaam dat dit regtig lekker is om so twee aande in een hut te bly.

Sarel het 'n sak saamgedra wat swart aan die buitekant is en wat hy vol water reeds die hele dag in die son gesit het. Dit is nou vir die warm stort. Hy en Jurie gaan op na die ou opstal waar hulle die watersak ophang en 'n heerlike warm stort het. Die vrouens gaan af na die plek by die lopie wat vir bad geïdentifiseer is en so 'n was in die koue bergwater is darem altyd die beste!


Die volgende dag stap hulle flink terug Veepos toe, weer met dieselfde pad. Hulle het hulle self belowe om in die mooi poel wat hulle twee dae terug oorgeslaan het, te swem en die ywerige swemmers laat hulle ook nie twee keer nooi nie. Hulle is voor middagete terug by Veepos. Na middagete besluit die klomp om Disapoel te gaan soek. Die aanwysings en Jurie se GPS verskil van mekaar, maar hulle kom uiteindelik by 'n poel waar hulle weer heerlik swem. Die swem op hierdie stap was werklik die hoogtepunt.

Die aand braai die groep weer lekker by Veepos. Nou is almal tuis met mekaar. Die groep is dit eens dat dit nou werklik 'n heerlike rustige stap met baie swem was. Jurie is 'n uitstekende leier. Alles is eksiperfeksie gereël. Geen ooreising!

**SALOME VAN WYK**




**GEREED VIR GROOT WINTERHOEK!**



BESKRYWENDE ROTSE



ONS EERSTE SWEM



DIE HEL



DIE ENGEL VAN GROOT WINTERHOEK




**DIE GRAAFF REINET/ GROOT KAROO STAP/ ESKAPADES 11 - 17 MEI 2014**

Die groep wat op die drumpel van die winter seisoen bogemelde stap uittog gemaak en meegemaak het was;

**Jeannette**: the chief designer/planner, liaison officer, and manageress of the great escape to the Karoo. Note: Brilliantly performed.

**Rose:** die deurwinterde stapper wat die siel en gees van hierdie soort ontspanning aansteeklik uitleef.

**Eileen**: Mrs. South Africa 4x4 driver.

**Sulene**: An artistic lady which displayed her cheerfulness, good humour and hearty laughing abilities at all fronts.

**Jacolise**: veldplante/blomme kenner met n passie om haar liefde hierin oor te dra.

**Jurie :** Rype ervare genoot in stapgroep hantering en in alles wat daarmee saam gaan.

**Doug**: The pilot that navigates the golden route of gentleness, courteousness, and refinedness.

**Philip**: the pain sufferer.

Ons vertrek vanaf die Engen vulstasie George op 11-05-2014 met twee beproefde 4x4 bakkies en bestuurders na die juweel van die Karoo - Graaff-Reinet. Die Karoo pad strek ver en beproef ons entoesiasme vir wat voorlê, maar koffietyd en versnapering onderbrekings sorg vir die deurlopende gloei van ons opgewondenheid. Na lang ure stap ons by die minlike Sheila en Jerry se Graaff-Reinet woonhuis in wat gemaklik alle lywe in ruim kamers akkomodeer en soos gewoonlik soort by soort. Sommer met die ontmoeting is ons oorval met egte Karoo-gasvryheid van ons gasheer/vrou wat n waarborg ingebou het vir n suksesvolle en besondere uitvlug.

Die restant van die dag het ons sekere areas van die prag dorp "explore" asook opwarmings stappies gedoen waartydens Jeannette met haar intieme kennis van die omgewing die ligging van kultuur/historiese plekke en geboue uitgewys het.

Die aandete om 'n voetbalveld tafel ingeryg soos n 1850 plaasgesin het ons te midde van wyn en gemoedelikheid met spysige smaak tydsaam geniet.

**12-05-2014**

Die dag word geopen met eie gemaakte koffie of tee wat opgevolg word met n plaas brêkfis uit die hand van die gasvrou al geselsende en laggende.Vorige aand se gesprekke asook nuwe onderwerpe word verder voort gesit onder knap begeleiding van Sheila en Jerry. Nadat Rose, ondersteun deur raadgewers, die finansiele en ekonomiese aspekte van die kitty uitgesorteer en verseker het dat ons voldoende en kwaliteit voorraad uit die middele van die kitty sou kon bekostig, het ons die pad na die Camdeboo Nasionale park gevat wat R40-00 uit ons begroting geneem het. Gedurende die rit op 4x4 paaie wat behoorlike eise aan bestuursvernuf en uithouvermoë van die betuurders en bakkies gestel het, het ons n verskeidenheid van die natuur se boksoorte te siene gekry o.a. Springbokke, hartebeest, en 'n koedoe. Gewaande buffels het ook verskyn maar slegs aan dié met n vermoë om hulle in geestestoestand te kon oproep. Die enigste en eensame rooijakkals, gesworе vyand van die boere en bedrieër van ou wolf is deur Jacolise vergewe vir al sy sondes weens haar bewondering van die spesie.

Die dag het ons verder geneem na n uitkyk punt op die Winterberg wat n panorama van die Karoo-vlaktes gebied het wat slegs waardeer kan word met die waarneming deur jou eie oë-----oseane van landskap! Die volgende stop was by die Vallei van Verlatenheid, 'n natuur uitstalling wat 'n sterfling tot stilte en gepaardgaande diepe oordenking dwing-----dit met verbyvlugte en akrobatiese sweef passsies deur twee witkruis arende teenaan op en afwaartse rotswande van diepgapende afgronde. Absoluut verstommend!

Na geurige wildspastei, rooiwyn, Jeannette se wyshede, Jerry se staaltjies en ervaringe as vee-smous, Sulene se uitbundige aansteeklike gelag is die aand afgesluit.

13-05-2014

This day offered us a visit to the Gatsriver (with no literal meaning attached to it) and sleep over on the Weltevreden guest farm, property of the Sheards. We undertook a very interesting and scenic hike all along the rock ridden riverbed of the river that lead us to a spectacular waterfall with a large pool of water housing a few inquisitive otters more than what you would perhaps meet on the Otter trail. The hike made us to criss-cross the riverbed frequently that forced some of our hikers to utilise riverbed rocks to carry them over the stream without to taking off their boots. Some of the rocks were very unstable and treacherous causing us to execute funny acrobatic movements to stay on top. Unfortunately some became casualties and ended up with wet boots, sore bums, wet pants and some had to be rescued from the top of the rock after becoming frozen. Rose, do you remember?!

Brave hikers were tempted to splash in deep pools of icy cold river water while it was expected of the wise ones to hide behind boulders to avoid spotting those who could perhaps be naked.

The night was spent in a luxurious typical rich Karoo farmer's dwelling situated on picturesque farmstead. After a delicious dinner we were all welcomed to a pre-heated bed that ensured that we dozed away immediately after an adventurous day.

14-05-2014

This morning we prepared for our trip to and ascend of the Compassberg, the highest mountain in the Cape Colony and Karoo. It would be the pinnacle experience of our journey.

Some of the photographers amongst our group spotted colourful washing of all kinds and colours exposed on the yard fence of which they could hardly cease to take photos. Philip was exposed due to his unfamiliar presence in front of the washing and served as a model to complete the setting.

The main menu for the day was to master the heights of Compassberg. Lead by Geoff Kingwill and his wife Janet all the way from Murraysburg, we energetically gave the first climbing steps on the slope of this giant with the fixed aim to tame the wild thing. We accomplished it with inspiration, courage, sweat, exhaustion but with overwhelming satisfaction. The views we experienced from the top of the berg were imprinted in our conscious to recall for as long we remain living humans. A massive part of the Karoo was exhibited to us in all directions showing the beauty and glamour of this arid part of our country. After a safe descend apart from a few slips caused by small stones rolling under those feet that did not heed the culprits, we arrived in high spirits at the farmhouse for our overnight stay. After enjoying a boere-braai we gathered around a fired kaggel with plenty wood piled up next to it.The atmosphere under those conditions was conducive for exchanging all kinds of funny group/individual experiences and stories most of them originating from past hiking trips. It resulted in hearty sometimes explosive laughing obvious lead by our female partners. Another pleasant evening.

15-04-2014.

It was a typically cold frosted Karoo morning when we started preparing to move onto our next destination being Sneeuberg Nature Reserve. The group split into 4x4 drivers/passengers/ hikers. The latter group managed to complete a tough hike up the slopes of the reserve mountains in good time in contrast with the 4x4,s which experienced trouble to complete the route to the top. Jurie displayed his skills in handling a vehicle out of trouble from its stuck position (in that it could not move forward and with high risk backwards).

We were again treated with plenty of different species of game wandering at leisure up and down the slopes.

We enjoyed our typical hikers lunch at Jeannette/ David Kingwill's ex farm in a sheep shearing shed converted by the new owners into a luxurious recreation area with an extra large swimming pool offering an unspoiled view of the nature reserve's mountain slopes. Blessed people to possess such comfort.

The farm house has been transformed to a super luxurious show piece with no shortage of space, taste, and convenience. It received write-up and wide publication in one of the popular magazines.

The day was concluded back at Sheila and Jerry's place with a braai (feast of Beltsasar) tasteful wine, lots of discussions and a final verdict in Oscar Pistorius criminal case.

16-04-2014

Na ons afskeid van ons uitstaande trakterende gasvrou/heer neem ons weer die lang pad na Vrijnsfontein, die volgende stop, 'n plaas tussen Graaff-Reinet en Aberdeen. Die aantreklike ligging en formaat van die berg het ons onmiddellik opgeroep om vanaf 'n onbewoonde plaashuis waar ons sou oornag, met n 4x4 pad te stap tot op sy boonste/hoogste vlak. Die pad was steil en swaar en besaai met verradelikke los klippies en ander goeters waarop n mens versigtig moet trap om nie nog verdere enkels, gewrigte en boude stukkend of gebreek te val nie. Gelukkig het almal vroegtydig waarskuwing ontvang. Ons het almal danksy die waarskuwing die veiligheids toets geslaag. Vanaf die hoë bergtafel het ons weer eens asembenemende natuur tonele wat ingesluit het ver verwyderde Karoo-vlaktes met droë rivierlope, wye horisonne na alle kante, gebreekte berg-kontoere met rotsmassas wat in die berg breuke opskiet in die bo-lug, kon gade slaan ----'n fotograaf se voorliefde--.

Baie foto's is geneem wat die geleentheid gepas het. Witkruis arende het vir oulaas vir ons as afskeid 'n verbyvlug geloods gepaardgaande met meesterlike lugtoertjies.


Die nag se verblyf in die plaashuis was weereens voor n gevuurde kaggel met lang geselse, stories, grappe en unieke ervaringe------ Jurie se mooi f--- mooi vanaf n onstelde pa sal onthou word.

**17-05-2014 Quo Vadis**! Waarheen nou! Huis-toe, maar nie voor ons Aberdeen, geleë op die nimmereindige Karoo-vlakte aangedoen het om die besonderse besienswaardighede van die dorp te besoek en te waardeer nie. Mev. Fitzhenry wat haar 90 jaar plus nie toon nie en 'n ou ingesetene is, het ons begelei as gids. Na n brêkfis in n (cosy) koffiehuisie het sonder enige verdere intervalle koppe gedraai na George. Weer by die Engen garage het ons as groep ontbind nadat elkeen sy/haar geldelike verpligting sonder paaiemente betaling nagekom het.

**HOERA VIR N STER STAPTOG---ONVERGEETLIK--.**


**WATTER INTERESSANTE EN GEMOEDELIKE GROEP. HOU SO AAN BERG EN DAL**

**PHILIP**




**PE BUITE BURGER VAN 27 MEI 2014 . FOTO JEANNETTE KINGWILL.**

**ARTIKEL DEUR SULENE TAYLOR**




**VALLEI VAN VERLATENHEID**



**GATRIVIER**



**KOMPASBERG**



**KRUIN VAN KOMPASBERG**



**TANDBERG TUSSEN GRAAFF REINET EN ABERDEEN**

**WINTER FUNCTION**

Our winter function took place at Uitsig, situated at Geelhoutboom at the foot of the Outeniqua Mountains, on the 14th of June 2014. After a round about trip due to road works we reached our destination with a big board welcoming us. The weather was fair and the venue beautifully laid out in a beautiful garden.

We were greeted with tea and coffee. After everyone arrived we went for a walk where we saw mountains and a huge dam. On returning we were able to enter the unique church called Uitsig Blik Kerk. On returning to the venue we enjoyed a delicious meal served at beautifully decorated tables.


SHARON KERR






BLIKKERKIE





'UITSIG' OOR DIE DAM



ALMAL KUIER LEKKER SAAM

**CALITZDORP SE PRAG ROOIKOPPE 20-22 JUNIE 2014**


Na 'n groot gereël van waar ons sou tuisgaan, het Uhuru warmwaterbronne maar die goedkoopste gebly. Van 'n vorige ervaring 'n jaar gelede, het die groot plaashuis eindelik toe ons regte verblyf geword. So het 14 van ons in die huis en buitegeboue ons intrek geneem. Die slaweklok by die huis het telkens etenstye aangedui, of vir aantree voor ons sou stap. Voor die plaashuis is 'n groot groen weiland, waar die skape wei, maar die stoute bokke het telkens om ons huis kom amok maak. 'n Heerlike braai, want kyk, Edwin is saam en enige tyd is braaityd !

Saterdagmôre na ontbyt ry ons vroeg uit en Linda se broer en vrou sluit by ons aan vir die dag se stap in die Rooikoppe. Ons ontmoet die vriendelike eienaars van die plaas en ook vir Hanli, ons leier van die dag. Ons val weg en geniet van die pragtige Rooiberg se rotsformasies. Ons stap na die Rooiberge se eie Gatberg en daar word vele prag foto's geneem terwyl party ander eerder onder rus saam met Jan.

Toe ons eindelik by die plaas terugkom, ry ons na die bekende Padstal waar ons heerlik eet en drink. Terug by Uhuru gaan 'n paar van ons swem in die warmwaterbronne en ons gesels en lag tot skemer. Saans, raai wat, het Edwin alweer die braaihoute reggepak vir 'n heerlike ete. Ons sit almal gesellig op die stoep en terwyl die vuur brand, sing ons die "drink song" en geniet mekaar se geselskap. Dis winter en ons almal gaan sit voor die kaggel in die huis.

Sondagmôre na ontbyt en 'n oordenking, stap ons na die Olifantsrivier daar naby. Ons stap in klein groepe. Linda en 'n groep, stap die bergop om Calitzdorp te sien. Ons gaan swem weer in die poele en maak gereed, om weer die pad terug te vat. 'n Heerlike naweek in ons wonderlike omgewing.


WILMA




GATBERG



RUSTIGE PLAASTONEEL



**OP PAD.........**



**ROOI KOPPE**

**PIETERSRIVIER NATUURRESERVAAT**

Die naweek van 15-17 Augustus 2014 het ons [stap klub] die voorreg gehad om die Pietersrivier Natuurreservaat te gaan verken. Dis 'n privaat kontraktuele natuur reservaat in samewerking met CapeNature wat al 'n paar geslagte lank deur die Meyer familie ge-eien en bestuur word. Katot Meyer het ons baie hartlik ontvang en interessant vertel van die geskiedenis van die area, met klem op die roete wat die geskiedkundige botanis, W.J. Burchell, in die vroeë 19de Eeu gevolg het deur die area tydens sy 6-jaar lange reis deur Suider-Afrika om plantespesies te versamel en te beskryf. Katot het ook vir ons besonderse boesmantekeninge gewys langs die Pietersrivier en vertel van die Water Neutrale Projek wat daarop gemik is om indringerplante uit te kap in wateropvanggebiede en sodoende water beskikbaar te maak vir die natuur en vir verbruikers. Oral langs die 20 km oornag staproete is baie kunstig-geverfde inligtingsbordjies wat vertel van die geskiedenis van die area en die natuurlewe. Die oornag kampplek is in die Jaggakamma Woud, en net soos al die ander fasiliteite op die reservaat, baie netjies en oorspronklik ingerig met natuur-vriendelike fasiliteite. Ons wil net graag vir Katot en sy familie bedank vir die besonderse manier waarop hulle die grond beskikbaar stel vir die publiek om te sien en geniet, en vir die positiewe opbouende werk wat hulle

doen vir die voortbestaan van die natuur. Ons kan die plek en aktiwiteite ten sterkste aanbeveel vir enige natuurliefhebber, stapper en kampeerder.


**Tineke Kraaij**



**STANDBEELD VAN WJ BURCHELL OP KATOT MEYER SE PLAAS**



**EEN VAN KATOT SE PLAASDAMME**




**AANWYSINGSBORDE DEUR KATOT SELF GESKRYF.**



**INLIGTINGSESSIE DEUR KATOT**

**SLEEPING BEAUTY RIVERSDAL- 17- 19 OKT 2014**

Vrydagmiddag 17 Oktober het die span van 12 lede uit George so na mekaar aangekom by die Tolhuis in Riversdal waar Philip, Jacolise en Nico reeds hul tentjies opgeslaan het. Die huisie is geleë tussen lowergroen bome met 'n lieflike uitsig op die berg en die lug was vars en koel na die afgelope paar dae se reën.

Almal het gou nes geskrop. As 'n mens kyk na al die goed en kos wat ons in die huisie ingedra het, laat dit jou wonder of mens op so 'n naweek nie maar net van veldvrugte en fonteinwater kon leef nie- ! dit sou almal se bagasie ligter gemaak het .... Maar dit is darem ook lekker om saans om die braaivleisvuur te sit en geselsies maak. Die manne het ook heel gou 'n gesellige vuur aan die gang gehad en die rooster het gebult van die worse en vleis.

Saterdag het Sarel ons vroeg uit die vere gejaag en die groep van George het die pad gevat berg toe terwyl Nico, Jacolise en Philip 'n ander rigting ingeslaan het. Die roete strek oor 13 km tot by die kruin en terug. Nadat ons 'n paar strome oorgesteek het, het die paadjie ons gelei deur die pragtige fynbos. Die hele berg is oortrek met Protea spesies en plek plek plate van die fynste heide, waarvan die Riversdal Oranje heide, saam met twee ander soorte, van die heel skaarste spesies is en uniek is tot hierdie gebied. Die verskeidenheid ander fynbos soorte het mens se asem weggeslaan en Sharon kon nie genoeg foto's neem nie. Die paadjie loop deur die Geelhout bos van waar dit verder kronkel na die hoogste kruin aan die agterkant van die berg vanwaar die Slapende Skone uitgestrek lê en al die bedrywighede dophou. Die son het gou begin steek en die bene het al hoe lammer geword en die knieë van party het begin knak.


Die laaste 1.5km na die kruin is aangepak deur agt lede terwyl vier van ons op die top van die eerste berg gesit het en die ander flukses dopgehou het. Die uitsig van daaraf was asemrowend.

Hier moet spesiale melding gemaak word van Elize Moolman, die oudste lid van die groep, wat tot bo-op die hoogste kruin geklim het. Met die afkom slag het dit nogal moeilik gegaan met al die los klippe en die paadjie wou maar net nie einde kry nie. Groot was die verligting toe ons eindelik die Tolhuis te siene kry. Daar was natuurlik geen moontlikheid van 'n salwende warm stort of 'n bad êrens nie. Party lede het maar agter 'n riet afskorting afgespoel. Ander het hul brandende voete in die naby geleë spruitjie gelawe. Die aand is daar weer vleis gebraai en die dag se wedervaringe bespreek.

Sondagoggend was dit weer vroeg uit die vere om nog gou 'n stappie in te kry voor ons moes huiswaarts keer. Dis hier waar Mike in die bed bly lê te midde van al die geskarrel om hom en ons meedeel dat hy ons nie gaan vergesel nie want die bed is lekkerder!! Hierdie keer het ons die roete na Kristalkloof begin stap wat darem nie so erg soos die berg was nie. Ons het egter te min tyd gehad om die hele roete te stap. Weer eens was die blomme en voëlspesies van die mooiste.

Rondom 12 uur was die meeste van ons gereed om die terugtog aan te pak. Dit was voorwaar 'n heerlike wegkom na 'n lieflike omgewing en vir beter weer kon ons nie gevra het nie. Baie dankie aan Elize wat ons veilig heen en terug karwei het.

**HETTIE LOURENS**



**SLEEPING BEAUTY**





**OP BERGE........**

*ODE TO SLEEPING BEAUTY*

*To be on this trail is to be free.*
*Distance is covered with foot and knee*
*Burdens lifted,.carried on back*
*All we've left is nothing we lack*


*Life reduced is enriched existence*
*When rock and earth reward persistence*
*Joy is a summit or a view*
*Hope is dew when day is new*

*Hardship is rock and rain*
*Entering the human fray again*
*Challenge is a long ascent*
*With legs and shoulders spent*

*Yet this is exhilaration as well*
*It is why, like many we tell*
*Of the rugged glory of the trail*
*The footpath on which we set sail*







**EN IN DALE....**

GOURITZRIVIERSTAP 8-10 NOVEMBER

Die volgende groep stappers het die andersoortige stap mee gemaak nl: Jacolise, Rose, Jackie van Gouritz, Philip, Doug, Clem, Johan, en Nico. Die groep is vervoer met twee bakkies vanaf die plaas Voëlvlei deur Jannie Zietsman en sy buurman Louis van Rensburg na die begin punt van die stap op die plaas van Salo Poggenpoel. Lg. het ons op 'n verkennings rit geneem met n plaas paadjie wat op hoog geleë heuwels loop en ons 'n panoramiese blik op die loop van die Gouritz verskaf het. Ons oordeel was dat die rivier met sy waterstand na goeie reëns nie vir daardie gedeelte wat ons aanskou het loopbaar was nie. Ons het dus na 'n laer gedeelte van die rivier vertrek en daarvandaan die tog aangepak.
Selfs vanaf hierdie gedeelte was die waterstand min of meer dieselfde, maar tog meer loopbaar as die vorige gedeelte wat ons beweeg het om voort te gaan met ons ekspedisie.Die hoof gevolg van ons besluit was oneindige kruisings van rivier water op menigte plekke met dieptes wat varieer vanaf diep tot vlakker. Sommige kruisings was soos landmyne geplant met dryfsand wat ons laat weg sink het in die bodem vir n gratis begrafnis. Ons het hierdie natuur fratse gehanteer en oorleef.

Die eerste nag se oorslaap was op Gert du Plessis, 'n welgestelde perde teler van Arabiese perde, se plaas op die oewer van die Gouritz en dit nogal in sy kampeer terrein en inderdaad kosteloos. (goedhartige welwillende mense so langs die rivier) Ons teenoorgestelde geslag het natuurlik terwyl ons manne 'n koue bier saam met die eienaar se seun weg geslaan het, hulle self die reg toe ge-èin om die plek fisies te inspekteer ter bepaling van 'n aanvaarbare staanplek vir ons tente. Die ontmoeting met 'n blink borrie geel kaapse kobra met die lengte van riem (2 meter) het hulle met duiwelse vrees verdryf na die plek waar ons toe die tente met aarselende vertroue kon staan maak. Jackie van Gouritz se swart skaap hond wat vertroud is met gevaarlike buite lewe wat meer as slange insluit het ons bewaak-----altans so het ons geglo.

Gedurende die aande in 'n wonderlike buite lug atmosfeer het Jackie die kunstenaar ons vermaak met al Gouritz en Albertinia se kaskenades, kleurvolle karakters en allerhande doenighede wat op haar eie vertel styl ons laat skater lag het.

Die 2de dag het ons in kwaai hitte gestap wat die propvol koel rivier poele onvermydelik gemaak het. Swemlesse is vir sekeres aangebied en Rose is uitgedaag vir haar toestand in soverre dit haar swem vermoë betref. Jacolise het selfs by tye die vlak water aangedurf as onsekerheid van n volgende diep koel poel water by ons ontstaan het.

Die laaste nag het ons weereens tot rus gekom op die sanderige walle van die rivier steeds bewend na ons ontmoeting met n boervrou en haar vrees aanjagende leeuagtige boerboel gedierte van 'n hond by wie ons tenkwater met rooi wurmpies daarin, in ons waterbottels getap het. Nieteenstaande is ons nog steeds dankbaar vir die boere se welwillendheid teenoor ons as stappers.

Vroeg die oggend is ons wakker gemaak deur 'n sterk wind en ligte reën wat al hoe meer feller met tyd geword het. As dapper stappers wat alles trotseer het ons die dagstap aangepak. Deurdrenk nat van reën wat aangevul is met rivier water het ons voort gestrompel teen sterk wind en koue tot by oewer eienaar Kosie Sauerman, 'n barmhartige oewer samaritaan wie ons dadelik aangepor het om die stap op te skort met die onderneming om ons tot by Jackie se huis aan die rivier naby die N2 brug te neem.

Die balans gedeelte van die stap vanaf die die brug tot by eindpunt is gekanselleer weens koue en reën weersomstandighede. Gedurende ons wag op ons vervoer het Jackie ons verder trakteer op haar stories, ervaringe en allerhande plaaslike snaaksighede.


Nouja, alles het nie verloop soos beplan was nie maar nieteenstaande bly die Gouritz 'n uitdaging wat werklik 'n andersoortige unieke kleurvolle stap bied. Die wat dit nog nie gedoen het moet julle stewels poets en op die rug van die Gouritz klim wanneer geleentheid gebied word.
PHILLIP ZIETSMAN NOVEMBER 2014



***DIE GOURITZ***




**GOURITZ GEKRUIS MALE SONDER TAL**



**SKOENE UIT SKOENE AAN GOURITZRIVIER**




"As die lewe te besig raak daar buite ....... koel af".......



......... of rus 'n bietjie .........



..... of lê 'n bietjie .....



....... Of sit en lees die "OPSAAL




HIKE SAFELY

STAP VEILIG